# Hillcrest High School

Graad 12

## AFRIKAANS EAT V1

JUNIE 2024

**PUNTE:** 80

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. R. Jordaan

**MODERATOR:** Me. S. Schoeman

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

   AFDELING A: BEGRIPSTOETSE (30)

   AFDELING B: OPSOMMING (10)

   AFDELING C: TAALWERK (40)

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

## <u>AFDELING A</u> : <u>LEESBEGRIP</u>

### VRAAG 1

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

# DIS MOS NOU ÉG SUID-AFRIKAANS!

1 Hoenderpote en hoendernekkies! Of, soos die meeste mense dit ken, 'walkie talkies' en 'love bites'. Dit is ég Suid-Afrikaanse produk wat deur baie mense in stede én klein dorpies geniet word. Maar pote en nekkies in 'n blikkie? Dít is nuut!




2 Hoenderpote en -nekkies is jare lank as afvalkos gesien. Party mense trek stééds hulle neuse daarvoor op, maar vir baie ánder mense is dit goedkoop kos.

3 Tin Stuf, 'n maatskappy in Limpopo wat kos in blikkies inmaak, het die behoefte aan geblikte pote en nekkies raakgesien en daaraan begin werk. Eiren Drake (27) en sy oupa, Spencer Drake, het al in 2017 begin om goedkeuring vir hierdie nuwe produk te kry. Dit sou die mense baie help, maar dit was moeilik om goedkeuring vir hierdie nuwe produk te kry. Tin Stuf moes baie studies doen om te bewys dat die pote en nekkies goed genoeg is om te blik. Ná twee jaar van baie harde werk is die produk goedgekeur.



Danksy Eiren Drake is die gewilde Suid-Afrikaanse gereg nou in blikkies beskikbaar. (Foto: Shoprite)

4 Tydens die Covid-19-pandemie in 2020 het die Drakes begin om 'n 400 g-blikkie hoenderpote en -nekkies te vervaardig. Sedert Mei 2022 kan mense dit by hulle naaste Shoprite koop. Dit is beskikbaar in die oorspronklike geur en in kerriegeur. Dit is 'n maaltyd wat maklik gerek kan word sodat dit genoeg is vir 'n paar mense.

5 Wie is die Drakes van Tin Stuf? Eiren het op 'n plaas in Tzaneen in Limpopo grootgeword. Sy oupa het vir jare die inmaakfabriek gehad en die fabriekswerkers se kinders het altyd saam met Eiren gespeel. Dit is hierdie speelmaats wat hom geleer het om pote en nekkies te eet. Dit is vandag nogsteeds een van my gunstelingdisse!

6 Toe Eiren ouer geword het, het hy al meer by Tin Stuf betrokke geraak. Hy het gesien hoe moeilik dit vir baie mense was om hierdie gehalteproteïen in die hande te kry. Hy het toe die idee gekry om hoenderpote en -nekkies in te lê en te blik. Hulle het die nodige navorsing gedoen en gevind dit is vol voedingstowwe.

7 Tin Stuf se geblikte produk is deel van tradisies en daar is baie goeie dinge omtrent hierdie produk. Dit is goedkoop en in groot maat beskikbaar.



Geblikte pote en nekkies hou langer as vars pote en nekkies. Dit is ook gerieflik, want na ‘n lang werksdag kan jy net die blikkie oopmaak en jou kos is gereed.

8 Daar werk 35 mense by Tin Stuf se inmaakfabriek. Party van hierdie mense het saam met Eiren grootgeword. Hulle weet dus waar die idee begin het en watter pad Eiren en sy oupa moes loop om dit te laat waar word. Daarom werk almal ekstra hard om seker te maak dit is ‘n sukses.

9 Oupa Spencer is in November 2020 oorlede. Dit was ‘n moeilike tyd vir Eiren. Hy het nie net sy sakevennoot en belegger verloor nie, maar sy oupa, vriend én mentor. Eiren bestuur nou die fabriek en hulle het nog ander nuwe planne. Hulle probeer nou om hoenderlewer en hoenderkerrie te blik.

10 In Februarie vanjaar het Drake se lot opnuut ten goede verander nadat die Shoprite-groep hom genader het vir ‘n drie jaar lange kontrak om sy produk eksklusief aan die kleinhandelaar te verskaf. Vir Eiren was dit ‘n absolute eer en groot voorreg om onder die leiding van die Shoprite-span te werk.

11 Eiren het op ‘n jong ouderdom sukses met sy besigheid behaal. Sy raad aan ander is om geduld te hê en aan te hou leer. Moenie toelaat dat probleme jou onderkry nie. Soek na oplossings en druk deur!

[Verwerk uit *Kuier*, 31 Maart 2022]

1.1 KIES die korrekte antwoord en skryf dit dan neer.

Om te sê dat hierdie produk “ég Suid-Afrikaans” is, beteken dit (kom in ander lande voor/kom nie in ander lande voor nie). (1)

1.2 Gee die TWEE byname vir die hoenderpote en hoendernekkies. (2)

1.3 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal VIER OPEENVOLGENDE woorde aan wat dit bewys.

Hoenderpote en -nekkies word net deur mense in die stad geëet. (1)

1.4 Verduidelik wat nuut aan hierdie produk is. (1)

1.5 Verduidelik wat bedoel word met die woorde: “Party mense trek stééds hulle neuse daarvoor op”. (1)

1.6 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (1.6) neer.

“Afvalkos” (par. 2) is ...

A. kos wat van die tafel afval.
B. kos wat ons weggooi.
C. kos wat af is.
D. kos wat spesiale mense eet. (1)

1.7 Die volgende plekke en tydperke het ‘n invloed op Eiren Drake en sy besigheid gehad.

Kies die beskrywing in KOLOM B wat by die plek in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A-E) langs die vraagnommers (1.7.1 tot 1.7.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.7.1 Tin Stuf | A. Hulle het hom ‘n kontrak aangebied. |
| 1.7.2 Plaas naby Tzaneen | B. Die Drakes se maatskappy. |
| 1.7.3 Covid-19-pandemie | C. Sy oupa is in hierdie tyd oorlede. |
| 1.7.4 Shoprite | D. Eiren het hier grootgeword. |
| | E. Eiren-hulle het die pootjies en nekkies in hierdie tyd geblik. |

(4)

1.8 Hoekom is daar ‘n behoefte aan hierdie produk? (1)

1.9 Dit het <u>baie</u> jare geneem om dié produk goed te keur.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.10 Almal oor die hele wêreld heen is beïnvloed deur die Covid-19-pandemie.

1.10.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Eiren-hulle is (positief/negatief) deur die pandemie geraak. (1)

1.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.10.1 (1)

1.11 Die volgende stelling is ‘n FEIT. Bewys dit deur TWEE feite aan te haal.

Hierdie geblikte pootjies en nekkies kom in verskillende geure voor. (2)

1.12 Hoe het dit gebeur dat Eiren ook so baie van hoenderpote en -nekkies hou? (1)

1.13 Haal EEN SIN uit paragraaf 6 aan wat vir ons verduidelik WAAROM Eiren die pote en nekkies wou blik. (1)

1.14 Gee EEN rede waarom dit werklik die moeite werd is om hierdie geblikte produk te koop. (1)

1.15 Baie dinge het in 2020 gebeur.

1.15.1 Watter hartseer ding het vir Eiren in 2020 gebeur? (1)

1.15.2 Waarom dink jy was dit so moeilik vir Eiren? (1)

1.16 ‘n Mens kan hierdie geblikte maaltyd by enige winkel koop.

Stem jy saam met die stelling? Verduidelik waarom jy so sê. (1)

1.17 Watter raad het Eiren vir mense wat hulle eie besigheid wil begin? (1)

**TEKS B: TYDSKRIF VOORBLAD**




**[NETWERK 24]**

1.18 Watter tydskrif se voorblad is hier gebruik? (1)

1.19 Die hoofstories word gewoonlik op die voorblad geadverteer.

1.19.1 Watter storie, sou jy sê, is die hoofstorie in die tydskrif? (1)

1.19.2 Hoe weet jy dit is die hoofstorie? (1)

1.20 Kies die korrekte antwoord tussen hakies en skryf dit dan neer.

"*Nou weet hulle wat ons weet"*

Die sportman het met hierdie woorde bedoel dat die wêreld nou weet dat ons Suid-Afrikaanse sportmanne (nie terugstaan vir ander nie/bangbroeke is). (1)

1.21 Vir watter kompetisie kan meisies inskryf? (1)

1.22 Wat is die doel daarvan om hoofstories op die voorblad van 'n tydskrif te plaas? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30 PUNTE**

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE wenke oor hoe om minder plastiek te gebruik, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke puntsgewys in die regte volgorde neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

# HELP! ONS VERDRINK IN *PLASTIEK!!!*

1 Moeder Aarde en haar oseane word deur plastiek verswelg. Mignonne en André gee vir ons wenke oor hoe ons dit kan help verbeter:

2 Moenie plastiese winkelsakke gebruik nie; neem jou eie sakke. Hou 'n kartondoos in jou motor se bagasiebak. As jy jou drasakke tuis vergeet het, kan jy die aankope in die trollie terugpak en dit weer in die motor oorpak.

3 Hou 'n paar bakkies, eetgerei en koffiebekers in 'n houer in jou kattebak. Vra die personeel om jou wegneemete daarin te sit of die koffie daarin te skink.

4 Bring die "jammerlappie" terug vir daardie taai hande op die langpad. Dis 'n nat lappie met seep, in 'n bakkie met 'n deksel.

5 Wanneer jy by 'n groot groentemark produkte koop, vra dat jou produkte eerder in 'n kartonhouer as in plastieksakke gepak word.

6 Koop speserye en konfyte in glashouers; dit kan herhaaldelik gebruik word.

7 Bak koekies of beskuit as geskenke en verpak dit in bottels. Dis baie beter as om iets te koop wat in plastiek verpak gaan wees, en om boonop R40 vir 'n kaartjie (ook in 'n soort plastiek verpak) te betaal.

8 Bêre meel, suiker, koekies en pasta in glasbottels. Gebruik ou bottels hiervoor. Of belê in 'n klompie bottels met digpassende deksels.

**Uit: *Lig, September 2019*** www.lig.co.za

**TOTAAL AFDELING B: 10 PUNTE**

## <u>AFDELING C</u>: <u>TAALSTUKTURE EN -KONVENSIES</u>

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

### TEKS D




[Aangepas uit https://www.doom.co.za/about]

3.1 Noem twee maniere waarop die woordgebruik in A jou aandag trek. (2)

3.2 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF. Begin soos aangedui.

Jy moet hierdie suksesvolle produk gebruik.

Begin so: Jy behoort ... (1)

3.3 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Jy slaap beter as geen insekte pla nie. (1)

3.4 Die volgende stelling is WAAR. Verduidelik hoekom dit WAAR is.

Hierdie produk maak multi-insekte vrek. (1)

3.5 Vul die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in. Skryf die nommer en die antwoord neer.

‘n Mens slaap sleg as ___ heel nag lank muskiete moet wegjaag! (1)

3.6 Skryf die STELSIN oor in ‘n VRAAGSIN.

Jy hoef nie meer “Voertsek” te skree nie. (1)

3.7 Verduidelik hoe die prent ‘n mens sal oortuig om hierdie produk te koop. (1)

3.8 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in die oop spasie in.

Die arme kokkerot lê ___ sy rug. (1)

3.9 Skryf die GETAL in hakies uit in ‘n woord.


Ek tel minstens (14) verskillende insekte op die blikkie. (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Aangepas uit https://peanuts.fandom.com/wiki/January_–1960_comic_strips]

4.1 Skryf die sin in Raampie 1 uit in die ONTKENNING.

Stop jou gebabbel! (1)

4.2 In Raampie 2, wat is die seuntjie besig om te doen, en hoe beeld die spotprentkunstenaar dit uit? (2)

4.3 Gee die korrekte Standaard Afrikaans vir die woord “bersie” in Raampie 4. (1)

4.4 Skryf die volgende sin uit Raampie 6 oor in die TOEKOMENDE TYD.

Jy kan my nie net uitsmyt nie! (1)

4.5 “Ek kan slange vang!” in Raampie 8 is ‘n voorbeeld van KONNOTASIE.

Verduidelik wat die seuntjie met hierdie woorde bedoel. (1)

4.6 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Die meisie het haar boetie by die deur uitgesmyt. (1)

4.7 Vind die GESEGDE in die volgende sin en skryf dit dan neer.

Sy is ‘n boelie! (1)

4.8 Kies die korrekte woord en skryf dit neer.

“KLAP!” in Raampie 11 is ‘n vorm van (klankherhaling/klanknabootsing). (1)

4.9 Verdeel die onderstreepte woord in die volgende sin op in LETTERGREPE.

Kersfees gaan jy ‘n sak <u>spinnekoppe</u> kry! (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

## Hoe voel die senuweestelsel pyn?

(5.1.1) (Het jy al ooit per ongeluk aan ‘n vlam of warm stoofplaat geraak) en dan gesien hoe jy jou hand vinnig wegruk nog voor jy self daaroor kon nadink? Dis asof daar iets in ons (5.1.2) <u>liggaam</u> is wat ons teen gevaar beskerm.

Daardie “iets” is jou senuweestelsel (5.1.3) (wie/wat) jou liggaam beheer en seker maak ál die verskillende dele van jou lyf kan met mekaar kommunikeer. Dié kommunikasie gebeur (5.1.4) (baie vinnig), en dis die rede waarom jy nie jou hand lank genoeg teen die (5.1.5) (hoog) hitte gehou het om dit lelik te verbrand nie!

Jou senuwees werk soos drade wat die boodskappe deur jou liggaam dra.

(5.1.6) (John sê: “Ek onthou toe ek per ongeluk aan die warm stoofplaat geraak het.”) (5.1.7) (Ons voel ‘n pynsensasie. Ons het ons hande weggeruk voor ons ernstig beseer kon word.) (5.1.8) (Ons kan pyn dus omskryf as ‘n ongemaklike sensasie) wat gewoonlik waarsku dat ons siek of beseer is. Jy sal natuurlik saamstem dat pyn nie ‘n lekker ervaring is nie, maar waarom is dit dan nodig vir ons oorlewing? Sonder pyn sal ons nie weet wanneer ons seergekry het nie of wanneer ons siek is en rus nodig het nie. (5.1.9) (Ons sal so dood soos ‘n ___ wees) of ons sal met gebreekte (5.1.10) (klein bene) rondloop, aanhou werk al is ons ernstig siek, en nie agterkom ons moet ons hand van daai vlam of warm stoofplaat af wegruk nie.

Pyn is dus eintlik jou liggaam se (5.1.13) <u>waarskuwingsstelse</u>l. Jou (5.1.12) <u>onderwyser</u> sal jou vertel dat daardie baie vinnige bewegings wat ons liggaam maak om ons te beskerm, bekendstaan as reflekse. Dit gebeur sonder dat ons daaroor hoef te dink.

Het jy geweet? As iemand ‘n liggaamsdeel verloor, (5.1.13) (So ‘n persoon kan soms steeds pyn voel <u>in die geamputeerde liggaamsdeel.)</u> selfs al is dit nie meer daar nie. (5.1.14) Dit (genoem, ‘n spookpyn, word, deesdae) en word deur verwarring in seine van die senuweestelsel veroorsaak.

[BRONNE: FACULTY.WASHINTON.EDU,KIDSHEALTH.ORG] [Effens verwerk uit: huisgenoot.com 2 FEBRUARIE 2023]

5.1.1 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM. Begin soos aangedui.

Het jy al ooit per ongeluk aan ‘n vlam of warm stoofplaat geraak?

Begin só: Nee, ... (1)

5.1.2 Gee die MEERVOUD vir die onderstreepte woord in hakies.

Dis asof daar iets in ons <u>liggaam</u> is wat ons teen gevaar beskerm. (1)

5.1.3 Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD en skryf dit neer.

Daardie “iets” is jou senuweestelsel (wie/wat) jou liggaam beheer... (1)

5.1.4 Gee die INTENSIEWE VORM vir die woord in hakies.

Dié kommunikasie gebeur (baie vinnig)... (1)

5.1.5 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD in hakies.

Dis die rede waarom jy nie jou hand lank genoeg teen die (hoog) hitte gehou het om dit lelik te verbrand nie! (1)

5.1.6 Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE.

John sê: “Ek onthou toe ek per ongeluk aan die warm stoofplaat geraak het.” (1)

5.1.7 Verbind die sinne met die gegewe VOEGWOORD in hakies. Begin soos aangedui.

Ons voel ‘n pynsensasie. Ons het ons hande weggeruk voor ons ernstig beseer kon word.

Begin so: Aangesien .... (1)

5.1.8 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Ons kan pyn dus omskryf as ‘n ongemaklike sensasie... (1)

5.1.9 Voltooi die VERGELYKING deur die korrekte woord in te vul.

Ons sal so dood soos ‘n ___ wees... (1)

5.1.10 Gee die VERKLEINWOORD vir die woord in hakies.

... ons sal met gebreekte klein (bene) rondloop... (1)

5.1.11 Gee die korrekte SPELLING vir die onderstreepte woord.

Pyn is dus eintlik jou liggaam se <u>waarskuwingsstelsel</u> (1)

5.1.12 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG vir die woord in hakies.

Jou (onderwyser) sal jou vertel dat daardie baie vinnige bewegings wat ons liggaam maak om ons te beskerm, bekendstaan as reflekse. (1)

5.1.13 STEL DIE VRAAG sodat die onderstreepte woorde die antwoord vorm.

So ‘n persoon kan soms steeds pyn voel <u>in die geamputeerde liggaamsdeel</u>. (1)

5.1.14 Skryf die volgende sin oor in die korrekte WOORDORDE.

Dit (genoem, ‘n spookpyn, word, deesdae). (1)

5.2 Bestudeer die prent en voer die instruksies uit.

**TEKS G**




5.2.1 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Die onderwyser sal vandag ‘n interessante Biologie les gee. (1)

5.2.2 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD in hakies.

Die meisie het nie die verduideliking verstaan nie. Die seun het dit aan haar verduidelik. (daarom) (1)

5.2.3 Voltooi die INFINITIEF in die volgende sin.

Die seun probeer ___ die werk aan haar te verduidelik. (1)

5.2.4 Identifiseer die LIDWOORD in die volgende sin. Skryf dit neer.

Die onderwyser moet die werk vereenvoudig. (1)

5.2.5 Skryf die volgende sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Die kinders het interessante werk geleer. (1)

5.2.6 Wat noem ons die vertrek by die skool waarin hierdie mense is? (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40 PUNTE**
**SOMTOTAAL : 80 PUNTE**